# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930


## DIREKTORAAT : KORPORATIEWE DIENSTE
## KANTOOR VAN DIE SPEAKER

# VAKATURE: PERSOONLIKE ASSISTENT VIR DIE SPEAKER

**(VASTE TERMYN KONTRAK VIR DIE TERMYN VAN DIE HUIDIGE SPEAKER)**

## KENNISGEWING NR 114/2018
## EKSTERNE KENNISGEWING

***Die Prins Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.***

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **PERSOONLIKE ASSISTENT VIR DIE SPEAKER**

**VEREISTES**

- Matriek/Graad 12 of toepaslike ondervinding;
- Rekenaarvaardig;
- Goeie interpersoonlike vaardighede en menseverhoudings;
- Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels;
- Moet onafhanklik kan funksioneer;
- Een jaar ondervinding in ‘n soortgelyke posisie sal as aanbeveling dien

**PLIGTE**

- Algemene sekretariële verpligtinge wat direk verband hou met bestuur van die kantoor van die Speaker o.a:
  - Hanteer dagboek van die Speaker en skeduleer afsprake;
  - Reël van vergaderings;
  - Bywoon van vergaderings;
  - Tikwerk;
  - Hantering van inkomende- en uitgaande pos in die kantoor van die Speaker;
  - Verantwoordelik vir voorbereiding van lokale voor vergaderings asook om toe te sien dat lokale vroegtydig gereed is;
  - Verantwoordelik vir gemeenskapskakeling soos van tyd tot tyd aan u opgedra;
- Ontvang besoekers namens die Speaker

**SALARIS**: **R 82 141.08 PER JAAR (ALLES INSLUITENDE PAKKET)**

**STATUS VAN POS: KONTRAK POSISIE VIR DIE TERMYN VAN DIE SPEAKER**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 13 JULIE 2018**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerke afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 13 JULIE 2018**.

Prince Albert Munisipaliteit is ‘n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal ‘n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit ‘n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**


**PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**
**PRIVAATSAK X53**
**PRINCE ALBERT, 6930**

**TELEFOON NO:** 023 – 5411320
**FAKS NO:** 023 – 5411321
**E-Pos Adres:** debbiem@pamun.gov.za

**HFW METTLER**
**MUNISIPALE BESTUURDER .**


**20 Junie 2018**